

TAALSPESIFIKASIES

A-spesifikasie

- Voorgeskrewe handboeke is in Afrikaans en/of Engels.
- Klasnotas opgestel deur die dosent is
 - (i) volledig in Afrikaans; of
 - (ii) waar moontlik, volledig in Afrikaans en volledig/gedeeltelik (bv. kernklasnotas) ook in Engels.
- Ander verpligte leeswerk (bv. vaktydskrifartikels, boeke) is in Afrikaans en/of Engels.
- Moduleraamwerke en studiegidse opgestel deur die dosent is Afrikaans en word, waar moontlik, in sowel Afrikaans as Engels aan studente voorsien wat Engels as hul voorkeurtaal vir studie het.
- Transparante en dataprojeksie-inhoude wat dosente in lesings, seminaarklasse, tutoriale en praktika gebruik is in Afrikaans en/of Engels.
- Die mondelinge kommunikasietaal van die dosent in lesings, seminare, tutoriale en praktika is Afrikaans, maar sleutel terme en konsepte kan ook kortliks in Engels toegelig word. Studente wat vroeë in Engels stel, kan deur die dosent in Engels beantwoord word. Gaslesings kan per geleentheid deur buitelandse en/of Suid-Afrikaanse dosente met 'n onvoldoende akademiese taalvaardigheid in Afrikaans in Engels gelewer word.
- Toets- en eksamenvraestelle is volledig in Afrikaans en volledig in Engels op dieselfde vraestel.
- Skriftelike opdragte van dosente vir tutoriale, seminare en praktika wat vir assessering aangewend word, is volledig in Afrikaans en volledig in Engels in dieselfde opdragstuk.
- Die skriftelike beantwoording van toets- en eksamenvraestelle en werkopdragte deur studente kan in Afrikaans of Engels gedoen word.
- Die mondelinge aanbiedings deur studente in lesings, seminare, tutoriale en praktika kan in Afrikaans of Engels gedoen word.

T-spesifikasie

- Voorgeskrewe handboeke is in Afrikaans en/of Engels.
- Klasnotas opgestel deur die dosent is
 - (i) volledig in Afrikaans en volledig in Engels, of
 - (ii) afwisselend in Afrikaans en Engels.
- Ander verpligte leeswerk (bv. vaktydskrifartikels, boeke) is in Afrikaans en/of Engels.
- Moduleraamwerke en studiegidse is
 - (i) volledig in Afrikaans en volledig in Engels, of
 - (ii) afwisselend in Afrikaans en Engels ooreenkomstig die mondelinge kommunikasietaal van die dosent in die betrokke klasse.
- Transparante en dataprojeksie-inhoude wat dosente in lesings, seminare, tutoriale en praktika gebruik, is in Afrikaans of Engels.
- Die mondelinge kommunikasietaal van die dosent in lesings, seminare, tutoriale en praktika van 'n module is
 - (i) in dieselfde klas Afrikaans en Engels, met dien verstande dat die gebruik van Afrikaans minstens 50% is, of
 - (ii) afwisselend Afrikaans en Engels in verskillende klasse van 'n module of program, met dien verstande dat die gebruik van Afrikaans minstens 50% is.
- Toets- en eksamenvraestelle is volledig in Afrikaans en volledig in Engels op dieselfde vraestel.
- Skriftelike opdragte van dosente vir tutoriale, seminare en praktika wat vir assessering aangewend word, is
 - (i) volledig in Afrikaans en volledig in Engels in dieselfde opdragstuk, of
 - (ii) afwisselend in Afrikaans of Engels in ooreenstemming met die taal van die nie-assesseringsmateriaal (klasnotas, moduleraamwerke, studiegidse, ens.), waar die gemiddelde gebruik van Afrikaans minstens 50% moet wees.
- Die skriftelike beantwoording van toets- en eksamenvraestelle en werkopdragte kan in Afrikaans of Engels plaasvind volgens studente se voorkeur-akademiese taal.
- Die mondelinge aanbiedings deur studente in lesings, seminare, tutoriale en praktika is in die T-spesifikasie Afrikaans of Engels volgens hulvoorkeur-akademiese taal.

E-spesifikasie

- Voorgeskrewe handboeke is in Engels.
- Klasnotas opgestel deur die dosent is volledig in Engels, of waar moontlik, volledig in Engels en volledig/gedeeltelik (bv. kernnotas) ook in Afrikaans.
- Ander verpligte leeswerk (bv. vaktydskrifartikels, boeke) is in Engels en/of in Afrikaans.
- Moduleraamwerke en studiegidse opgestel deur die dosent is in Engels en word, waar moontlik, in sowel Engels as Afrikaans aan studente voorsien wat Afrikaans as voorkeurtaal vir studie het.
- Transparante en dataprojeksie-inhoude wat dosente in lesings, seminaarklasse, tutoriale en praktika gebruik, is in Engels.

- Die mondelinge kommunikasietaal van die dosent in lesings, seminare, tutoriale en praktika is primêr Engels, maar sleutel terme en konsepte kan ook kortliks in Afrikaans toegelig word. Studente wat vroe in Afrikaans stel, word deur die dosent in Afrikaans beantwoord. In die geval van buitelandse dosente is Afrikaans nie verpligtend nie.
- Toets- en eksamenvraestelle is volledig in Engels en volledig in Afrikaans op dieselfde vraestel.
- Skriftelike opdragte van dosente vir tutoriale, seminare en praktika is volledig in Engels en volledig in Afrikaans op dieselfde opdragstuk.
- Die skriftelike beantwoording van toets- en eksamenvraestelle en werkopdragte deur studente is in Engels of Afrikaans.
- Die mondelinge aanbiedings deur studente in lesings, seminare, tutoriale en praktika kan in Engels of Afrikaans gedoen word, behalwe in gevalle waar die dosent Afrikaans hoegenaamd nie magtig is nie.

A & E-spesifikasie

- Lesings word volledig in Afrikaans en Engels aangebied.